

**31 Januarie**

**Romeine 8:13-17**

(Teks: 8:14)

***Gelei deur die Gees***

'n Mens lei 'n klein kindjie wat begin loop aan die hand tot hy sterk genoeg is om self te loop en ook genoeg selfvertroue bekom het

'n Bejaarde wie se liggaam verswak het of 'n persoon wat uit 'n langdurige siekbed uit opstaan, word gelei om val en seerkry te verhoed.

As 'n mens in die skemer of in die donker loop op 'n onbekende plek is dit die beste om gelei te word deur iemand wat alreeds die pad geloop het en met die omgewing bekend is. Sodoende kan pad byster raak, struikel en selfs verdwaal verhoed word.

God se kinders loop op die pelgrimspad onderweg na die ewige tuiste. Op hierdie pad kan 'n mens soms so klein en onmagtig voel, so onopgewasse vir die steiltes en struikelblokke. Ons kan swak en kragteloos word, uitgeput deur die ou aardse lewe met sy eise. Ook kan in krisistye dit vinnig skemer, ja selfs nagdonker om ons word, sodat ons geen gevoel vir rigting en vir koershou meer oor het nie.

Dan het ons iemand se leiding nodig. Een om ons styf by die hand te vat en op koers te hou. Een wat ons sal regop hou en ondersteun as ons wil struikel en val. Een wat die donkerte draaglik sal maak.

Genadiglik skenk ons Vader so Een aan ons - die Heilige Gees! Hy lei ons, troos ons en gee ons krag. Hy lei al God se kinders deur die donker wêreldnagte heen tot by die ewige môre. Ons loop nooit alleen nie! Glo dit, en loop met vaste tred.

Sing Skrifberyming 27:4

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)